

Sing vooraf staande: Psalm 81:12 (p. 413)

12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:9 (p. 506)

9 Maar Gods genade⁺en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Geloofsbelydenis Nicea

Wet

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes/nuwe
lewe/versoening met Psalm 89:17 (p. 448)*

Psalm 89:17 (p. 448)

17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan
behou nie.
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

Gebed

- ♦ *Doksologie:*
 - ♦ *Aanbidding:*
 - ♦ *Skuldbelydenis:*
 - ♦ *Vergifnis:*
 - ♦ *Dank:*
 - ♦ *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - ♦ *Algemene bede:*
 - ♦ *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 25:7 (p. 117)

7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Skriflesing: Handeling 2

Teks: Handeling 2:38; Kategismus Sondag 26.

**En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop
word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en
julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom
julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse
God na Hom sal roep. (Handeling 2:38,39 AFR53)**

Ons moet altyd die doop teen die agtergrond van die verbond verstaan.

- ♦ Ons het die werkverbond laat misluk, omdat ons in sondes geval het. Daarom het
die Here dit laat oorgaan in die genadeverbond.

- ♦ Die doop leer inderdaad ook die inhoud van die genadeverbond, naamlik dat ons nie meer self ons heil moet uitwerk nie, omdat die Here Jesus Christus dit gedoen het en aan ons toeken uit genade.

“Laat julle gedoop word,” kom in ons tyd weer baie onder die vergrootglas, want dit is asof daar ’n sterker stroom van mense uit ons eie geledere kom wat probleme het met die doop, en hulle dan weer laat oordoop. Ons kyk in hierdie preek na die doop aan die hand van die volgende:

- 1. Die doop troos ons in ons ellendes**
- 2. Die doop openbaar die heerlijkheid van God aan ons**
- 3. Die doop en ons verantwoordelikheid**

1. Die doop troos ons in ons ellendes

Die teks is die antwoord op die vraag van ’n groep baie bang en geskokte mense.

- ♦ Dit is die dag van die uitstorting van die Heilige Gees: Pinksterdag.
- ♦ Petrus het, uitermate gedryf deur die Heilige Gees, opgestaan en vir die mense wat daar saam was, ’n preek gelewer.

Hy het gepreek dat Jesus die Nasarener deur God aangewys is om met kragte en wonders onder hulle te werk.

- ♦ Hierdie Jesus is die Messias, die Seun van God.
- ♦ Die goddeloses het Hom gekruisig.

Die oomblik toe die mense wat daar staan en luister dit hoor, het die Heilige Gees hulle van binne af beweeg.

- ♦ Mens kan seker sê dat die skille van hulle oë afgeval het, en dat hulle meteens die waarheid besef het.
- ♦ Hulle was die goddelose manne van wie Petrus daar staan en preek.

Meteens het hulle besef hoe hulle mislei is.

- ♦ Hulle kan ook nie ontken dat die Here Jesus Christus die Messias was nie, want hulle het geweet van al die dinge waarvan Petrus gepraat het. Die Here Jesus het uit die dood opgestaan – dis waar!
- ♦ Hy het ook na sy opstanding aan baie verskyn. Moontlik was daar van die mense aan wie Jesus verskyn het daar tussen die mense wat na Petrus se preek geluister het.

Soos ’n swaard het die besef van hierdie sonde wat hulle gedoen het deur hulle gemoedere gesny:

- ♦ Hulle het die Here Jesus gekruisig. Wat gaan die Here met hulle doen?
- ♦ Vrees het in hulle harte geheers. Hulle het verslae vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen broeders?

Baie duidelik sien ons hierin die werk van die Heilige Gees.

- ♦ Eers trek die Heilige Gees alle grond van eiegeregtigheid onder jou voete uit.
- ♦ Dit is ook reg so, want die reg van God is onverbiddelik. Jy moet baie duidelik weet waar jy staan.
- ♦ Die Here doen dit nie om ons te veroordeel nie, maar juis sodat ons gered kan word.

Dit klink dalk vreemd dat dit so gestel word, want hoe kan 'n mens ru tot die werklikheid van jou ellendes geruk word, en dan nog beweer dat dit tot jou verlossing is? Dit is die manier hoe die Gees van God werk.

Die tekens van die Gees by die uitstorting van die Heilige Gees was mos wind en vuur.

- ♦ Die eerste werk van die Gees sluit hierby aan, naamlik om die sonde te verbrand en jou binneste skoon te waai.
- ♦ Die eerlikheid van die Here gun jou nie die geleentheid om jou sondes te koester nie.

Eers wanneer daar hierdie eerlike en werklike kennis van ons sondes is, is die deur oopgemaak dat ons tot berou en bekering kan kom.

- ♦ Daarom antwoord Petrus hulle dat hulle hulle moet bekeer, en hulle moet laat doop, want die doop het vir 'n bekeerde mens 'n baie groot betekenis.

2. Die doop openbaar die heerlikheid van God aan ons

Die krag van die doop lê daarin dat dit die heil en die heerlikheid en die heiligheid van God preek.

Ons leer mos in ons belydenis dat die doop 'n teken en 'n seël is.

- ♦ Dit beteken tog dat die doop 'n teken is van iets.
- ♦ Hierdie sakrament leer die heil wat ons in die Here Jesus Christus het.
- ♦ Dit verkondig aan ons dat die doop as't ware die handtekening van God onder die kontrak van genade met ons is.

Wat is nou eintlik hierdie heil?

- ♦ Dit is die afwassing van die onreinheid van ons siel.
- ♦ Makliker gesê: Dit beteken dat ons sondes deur die dood van die Here Jesus vergewe word.

Hierdie afwassing of reiniging van sondes word in die doop gesimboliseer met water.

- ♦ Daar is 'n rede waarom die Here water gebruik. Ons gebruik water wanneer ons ons bad as ons vuil is.
- ♦ As gevolg van hierdie gebruik het water die simboliese betekenis van reiniging of afwassing.
- ♦ Daarom mag ons slegs water, en niks anders nie, gebruik wanneer ons doop.

By die doop simboliseer die water dat die bloed en die Gees van die Here Jesus Christus ons volkome voor God heilig. Al ons geestelike vuilheid verdwyn sodat ons in volmaakte reinheid voor God verskyn.

Om rein te wees om voor God te verskyn is nie maar sommer net een van die emosionele dinge wat mense oor die tyd uitgedink het nie.

- ♦ God beoefen alleen gemeenskap met heiliges, met ander woorde mense wat rein is van sondes.
- ♦ Matteus 5:8 handel hieroor: Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

As ons baie eerlik wil wees, dan sal ons moet besef dat hierdie uitspraak beteken dat ons sondes tussen ons en God staan. Elke mens wat dit besef, sal dieselfde vrees as die klomp Jode op Pinksterdag ervaar en smekend vra: Wat moet ons doen?

Hierdie gevoel van doemwaardigheid word nog verskerp ook, want nie eers tydens die aardse lewe duld die Here 'n onheilige in die geselskap van sy gemeente nie.

- ◆ Daarom gee die Here aan sy kerk die opdrag om die wat in onheiligheid aanhou lewe, te tug.
- ◆ Die bedoeling van die tug is dat dit 'n liefdesdaad is wat mense tot bekering moet beweeg.
- ◆ As hulle dan nie wil terugdraai nie, dan ban die Here hulle mettertyd uit sy kerk uit.

Wie van ons is daar wat nie eers die genade van die Here Jesus Christus se verlossingswerk besef nadat ons eers heeltemal duidelikheid gekry het oor ons eie sondes nie?

- ◆ Dit is juis die proses waardeur die Heilige Gees ons neem sodat ons die verlossingsraad van die Here kan verstaan.
- ◆ Hy laat ons verstaan dat ons skuldig is aan ons sondes, en terselfdertyd ook hoe skuldig ons is, en daarteenoor hoe die Here Jesus se bloed ons dan onskuldig maak.
- ◆ Hy laat ons glo dat ons wat so sondebesmet is, 'n volle plek in die heerlijkheid van God se koninkryk kry deur die verdienste van die Here Jesus Christus.

As die dinge vir ons wat gelowig is al so swaar is om te verstaan, hoeveel moeiliker is dit dan nie vir die ongelowiges om dit te verstaan en tot bekering te kom nie?

- ◆ Die punt is net dat hierdie verlossing van sonde en smet waar is, en dat ons deelname aan die ewige lewe ook waar is en dat die doop ons daarvan verseker.

3. Die doop en ons verantwoordelikheid

Die doop self is nie saligmakend nie.

- ◆ Die doop is bloot die simbool van die ooreenkoms wat die Here met ons in die Here Jesus Christus gesluit het.
- ◆ Die inhoud van hierdie ooreenkoms is dat ons geestelik rein gewas word soos wat ons met water skoon gewas word.

Ons moet tog onthou dat hierdie belofte van die Here duursaam is.

- ◆ Die belofte van heil breek nie af wanneer jy met jou kind wegdraai van die doopvont af nie.
- ◆ Die belofte is soos die heil waarvoor dit staan. Dit is baie duursaam.

Wat baie belangrik is om saam met die doop te onthou, is dat God die Heilige Gees in die persoon woon wat gedoop word, want die doop is ook die teken van God se verbond.

- ◆ Die Heilige Gees woon voor ons doop al in ons, maar die doop is die bekragtiging dat "ons en ons kinders" aan die Here behoort.
- ◆ Daarom word ons in die Naam van die Drie-enige God gedoop.
 - Die Naam van die Vader bevestig aan ons sy liefde en die feit dat Hy ons uitverkies het
 - Die Naam van die Here Jesus Christus verseker ons daarvan dat Hy ons sondes betaal en ons met God versoen het.
 - Die Naam van die Heilige Gees betrek ons hele menswees omdat Hy op ons beslag lê as sy eiendom en ons rig en lei met sy insig en teenwoordigheid.

Die doop leer ons sigbaar en hoorbaar die heerlijkheid van God.

- ◆ Sigbaar omdat ons die teken van die verbond, die water, kan sien.

- Daarom word die water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees op die kind se kop gedrup.
- Dit is om dit beter te verstaan, want dit is asof die Here daarmee die verlossingskontrak met die dopeling voor die hele gemeente onderteken.
- ◆ Verder is die doop hoorbaar, want deur die dominee se mond hoor ons die Here se beloftes.
 - Hy lyf die dopeling in die dood van die Here Jesus Christus in.
 - Hy wek ook die dopeling saam met Jesus Christus op uit die dood sodat hy/sy vir ewig in sy koninkryk kan lewe.

Die genade van die Here kry meteens soveel betekenis vir ons as ons by elke doop hoor dat ons 'n erfporse in die hemele het – en dit sonder dat ons dit hoef te verdien. So leer ons die heerlijkheid van God in genade ken.

Ons kan dieselfde van die liefde van die Here sê.

- ◆ Die doop leer ons dat die liefde van die Here tot in ewigheid vasstaan.
- ◆ Niemand kan 'n wig tussen ons en die Here indryf nie.
- ◆ Die doop verseker ons dat die Here sy liefde oor ons in Jesus Christus vervul het.

Natuurlik is dit so dat ons nou die plig het om dankbaar te wees en die Here met ons hele lewe te dank vir sy verlossing. Hierin staan die Heilige Gees ons by.

- ◆ Hy laat ons volhard in die geloof wat deur die doop aan ons bevestig is.
- ◆ Hy lei ons om voortdurend die regte insig ten opsigte van ons verlossing te hê.
- ◆ Daarom lei Hy ons om onself in ons sondes te ontdek, maar terselfdertyd ook om die genade van die Here Jesus Christus oor ons te ervaar.

Ons moet altyd die doop teen die agtergrond van die verbond verstaan.

- ◆ Ons het die werkverbond laat misluk omdat ons in sondes geval het.
- ◆ Daarom het die Here dit laat oorgaan in die genadeverbond.

Die doop bevestig die inhoud van die genadeverbond, naamlik dat ons nie meer self ons heil hoef uit te werk nie omdat Christus dit gedoen het en aan ons toeken uit genade.

Ons is almal gedoop. Kom ons volhard in 'n lewe van gebed, bekering en dankbaarheid.

Kom ons lees Kategismus Sondag 26 saam.

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees

sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).

(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...” (Matt 28:19); en: “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word” (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14: 1, 2)

- 1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein”.
En van alle⁺onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.
- 2 “’k gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 2 September 2012